GRONDSLAG

Die Dameskring tree op volgens die riglyne van die Woord van God drie-enig en in belang van die Republiek van Suid-Afrika.

DOELSTELLINGS

Die Dameskring het die volgende doelstellings:

- die praktiese uitlewing van Christenskap;
- die behoud en versterking van die gesin;
- die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap, sy kultuur, waardestelsel, taal, geskiedenis en tradisies;
- die toerusting en bemagtiging van die vrou op geestelike, ekonomiese, politieke, fisiese en opvoedkundige terreine;
- die aktiewe bevordering van goeie menseverhoudings en die sinvolle naasbestaan van alle inwoners van die Republiek van Suid-Afrika.

LEUSE

Die leuse van *Die Dameskring* is **WAAK EN WERK**.

HERSIEN EN GOEDGEKEUR MAART 2022